Negester
# STERRELIG

Nuusblad van Negester Klein-Kariba
Jaargang 5 No. 2 Februarie 2023

## *Tong in die kies …*

### *Laat vlieg die perd!*



'n Optimis sien die geleentheid raak in elke verleentheid of probleemsituasie.
'n Pessimis, daarteenoor, sien die probleem in elke geleentheid.

Die volgende is vertaal vanuit 'n Indiese volksverhaal.

Die koning wou nie verder luister na die aangeklaagde man se argumente nie. Die koning het sy bevel uitgevaardig: "Skuldig, neem hom weg en hang hom." Die man was onskuldig, maar die soldate het gekom om hom uit die troonkamer weg te neem. Die man probeer vir oulaas: "Koning, daardie perd van u waarvoor u so lief is … spaar my lewe en ek sal binne een jaar daardie perd van u leer vlieg!"

Sonder om te skroom skree die Koning: "Soldate, los die man! Ek staan sy versoek toe! Verstaan goed, as jy nie binne een jaar van vandag af my perd laat vlieg nie, dan HANG jy!"

Met 'n glimlag is die man daar weg – 'n vry man! Terug by sy huis was almal verbaas en baie geskok om hom te sien, veral nadat hy sy storie vertel het. Die gesin se grootste nagmerrie ... wat gaan die man nou doen? Die man antwoord ewe kalm en bedaard: "Dalk vrek die perd, of die koning sterf dalk in dié jaar. Wie weet? Of dalk leer ek die perd nog vlieg!!"

Gusta

# NOU...

**nou toe**



**Afrikaanse spreuke en uitdrukkings**:

***Jy kan sy botte tel.***

**Betekenis**:

Afr. Hy is baie maer.

Eng. You can count his ribs.

Om te adverteer in Sterrelig:
E-pos vir Nellie Buitendag:
goempieb@gmail.com

# UIT DIE HEV KANTOOR

Die jaar het alreeds sy tol begin eis, en die direksie is volstoom besig met hulle verantwoordelikhede.

Op 28 Januarie is ‘n ledevergadering in die klubsaal gehou waar die voorgestelde begroting, sorgdienste, en skikkingsooreenkoms tussen MST en die Negester HEV, bespreek was.

Daar was verskeie vrae rakende die begroting wat skriftelik deur die finansiële komitee beantwoord was.

Die Medwell kontrak is intussen tot einde Augustus 2023 verleng ten einde die direksie en die gesondheidsorgkomitee genoegsame tyd te gun om al die relevante inligting in te samel en die proses af te handel. ’n Tydskedule is opgestel om dié proses te finaliseer, soos volg:

1. Februarie 2023 – Insameling van interne en eksterne inligting en bepaling van behoeftes.
2. Maart 2023 – Verwerking, opsomming en gesprekvoering op grond van die ingesamelde inligting, wat ook beplanning en konsep voorstelle sal insluit.
3. April 2023 – Voorlegging van behoeftes aan verskeie diensverskaffers vir hulle reaksie.
4. Mei 2023 – Evaluasie van terugvoer en aanbevelings van diensverskaffers.
5. Junie 2023 – Besluitneming en aanstelling.

Die proses word streng gemoniteer en deeglike ondersoeke vind deurlopend plaas.

Baie dankie aan alle lede wat die mediese vraelys voltooi en ingedien het. Dit skep vir séker ’n baie waardevolle grondslag vir die ondersoek.

Gedurende die kleiner opvolgvergadering op 8 Februarie het die direksie nog ‘n paar bykomende voorstelle ontvang en wat ook by die ondersoek ingesluit is … baie dankie daarvoor.

Gesondheidsorg is en bly van kardinale belang vir almal in Negester, en juis dáárom is daar erns om hierdie proses enduit vlot te laat verloop. Vordering sal met ons inwoners gekommunikeer word op ‘n gereelde basis.

Vriendelike Groete

*Negester Direksie*




## Boererate



<u>Balpuntpenmerke:</u>
Smeer witdulsies aan.




## LAG ‘N SLAG

**<u>Hoop:</u>**

Eerste seuntjie: “Ek hoor jou ouboet het masels. Dink jy jy sal dit ook kry?”
Tweede seuntjie: “Ek dink so ... as dit vir hom te klein word.”

# -Sekuriteit-

**SUN TZU SE LESSE VIR VEILIGHEID.**




**Les 2: Wen deur weerbaarheid**
Hierdie is die tweede artikel in die kort reeks en ons vertrou dat beter begrip van Negester se beskermingsplan en sekere grondbeginsels sal bydra tot groter vertroue en ondersteuning.
**Sun Tzu:**
*"Krygskunde leer ons om nie staat te maak op die waarskynlikheid dat die vyand nié gaan kom nie, maar dat ons moet fokus op ons eie gereedheid om hom teen te staan"*
**Toepassing:**
Die geskiedenis van die mensdom – sedert Bybelse tye – leer dat misdaad nog altyd deel van die alledaagse werklikheid was, en altyd sal bly. Daaroor het ons nie 'n keuse nie.
Ons kan egter deur deeglike voorbereiding verseker dat ons 'n geveg sal wen indien dit sou plaasvind. Daar is nie 'n sinvolle prys vir tweede plek in hierdie "misdaadoorlog" nie.
Voorbereiding verhoog ons vlak van paraatheid, en 'n verhoogde vlak van paraatheid verminder ons blootstelling en kwesbaarheid.
Voorbereiding op Negester sluit in:

- Fisiese voorsorgmaatreëls (heinings, hekke, kameras, beheerde toegangspunte)
- Beheermaatreëls (prosedures, inwonersreëls en -riglyne, wetlike aspekte)
- Effektiewe bestuur (professionele nood- en veiligheidskomitee, maandelikse koördinering en evaluering van insidente, misdaadtendense, sekuriteit diensverskaffer, bystanddienste, interaksie met plaaslike wetstoepassingsagentskappe en buurtwag)
- Noodreaksie (noodknoppies, ambulans en mediese dienste, noodplaninoefening)

Let daarop dat, alhoewel noodreaksie reaktief is, het tydige optrede en inoefening van ons noodplan 'n beduidende invloed om skade, verliese en beserings tot 'n minimum te beperk.

Dankie aan almal vir jul ondersteuning van die komitee, jul nakoming van reëls, en deelname aan die noodplanoefeninge. Dit dra vir seker by tot verbeterde weerbaarheid op Negester.

## BAIE BELANGRIKE INLIGTING

**Gebruik van die noodknoppie.**

1. Bêre die noodknoppie op 'n spesiale en maklik toeganklike plek in die huis en sorg dat dit altyd daar gebêre word, sodat dit maklik beskikbaar is tydens noodgevalle.
2. Druk die rooi knoppie vir ongeveer 3 sekondes en los. Let wel: Tydens 'n kragonderbreking mag dit moeilik wees om 'n sein te kry indien u nie oor 'n noodkragbron beskik nie.
3. Die sein sal 'n aantal fone op bystand aktiveer sodat alle betrokkenes op u noodsein sal reageer.
4. Die huis-interkomfoon moet ten alle tye werkend en ingeprop wees. Die suster skakel dadelik daarop as sy u noodsein ontvang. Vermy dit dus om u vastelynfoon (Telkomfoon) te gebruik nadat die noodknoppie gedruk is, aangesien die mediese beampte u op hierdie foon gaan skakel om die situasie te evalueer.
5. Indien hulp nie vinnig opdaag nie, skreeu vir hulp in u bure se rigting.
6. Sorg dat u stel vorms (soos beskikbaar by die sorgsentrum) in tweevoud op 'n strategiese plek beskikbaar is, verkieslik op die yskas.
7. Bêre asseblief die noodknoppie buite die bereik van klein kindertjies en gebruik dit slegs in ernstige noodgevalle.
8. Noodknoppies sal op 'n gereelde basis deur die mediese personeel getoets word. Indien 'n defek geïdentifiseer word, sal dit aan die tegniese bestuurder gerapporteer word.
9. Inwoners is self verantwoordelik vir die vervanging van die noodknoppie se battery. Batterye is by die kantoor beskikbaar.
10. Inwoners word versoek om nie die stelsel te misbruik of te laat misbruik nie.
11. Nadat u die noodknoppie gedruk het, moet u die deur oopsluit sodat helpers maklik toegang kan kry.

Bly veilig
Nood- en Sekuriteitskomitee.

# ’n Boodskap uit die landgoedkantoor



Na ‘n warm en droë Januarie is ons weer in Februarie met lekker reën geseën. Die Waterberge lyk pragtig en ons landgoed is ‘n lus vir die oog, met almal se pragtige tuine wat soveel mooi kleure en verskeidenheid ten toon stel.

Ons watervoorsiening is baie stabiel en gedurende Februarie het ons nie enige groot lekke of probleme ondervind nie. Die watergehalte is baie goed en word elke ses maande getoets. Die volgende toetsing sal weer in Maart plaasvind.

Ons was baie besig langs ons heining om die paaie te herstel en om erosie te bekamp ... klippe is ingery, slote is opgevul, en onder in die vleiland is pype ingesit ten einde toegang tot alle dele van die heining te verseker. Die konstante onderhoud van die heining gaan voort, en gebreekte isolators en trek isolators word gereeld vervang. Geen misdaadvoorvalle is gerapporteer nie, maar ek versoek al ons inwoners om asseblief paraat te bly.

Die Sorgsentrum se hele binnekant is herstel, geseël en weer geverf en lyk nou weer baie mooi. Gedurende Februarie sal die buitekant ook aandag kry, sowel as die afdakke en kragopwekker gedeelte by die Sorgsentrum.

Weersomstandighede het die bespuiting van Lantanas bietjie vertraag en - is soos almal weet - is dit ‘n groot probleem in ons landgoed. Ek doen graag ‘n beroep op elke inwoner om ons behulpsaam te wees. Die klein lantanas trek maklik uit as dit so nat is en, as u kans sien om Lantanas wat in die omgewing van u perseel groei te bespuit, kan u gerus bietjie gif by die kantoor kom haal ... ons sal enige hulp waardeer wat ons in die verband kan kry.

Baie dankie ook aan almal wat betrokke was by die Kansa-funksie, dit was baie lekker en elkeen wat dit bygewoon het, het dit terdeë geniet, en selfs nie eers beurtkrag kon die gees demp nie.

Onthou*: Dink aan al die mooi rondom jou en wees gelukkig – Anne Frank.*

Vriendelike groete.

*Dawie van Niekerk (*Landgoedbestuurder)





# Lyndans

Ons het die tweede maand van die jaar begin met ‘n groot groep nuwe dansers. Dit was wonderlik om soveel vrolike, entoesiastiese dames te sien saam dans! Hulle het sommer met die eerste klas twee danse geleer. As jy wil saam dans, kom Woensdae 11:00 saal toe, en jy word die passies vinnig geleer.



Optrede by Moedergemeente: Mari, Anette, Annatjie en Tokkie.

Ons sê dankie aan Marie van Rooyen, ons afrigter, wat bereid was om weer met ‘n nuwe groep dansers te begin.

Marie het in 2017 begin met die afrigting – in Annette Swart se motorhuis – en is sedertdien nog steeds by ons groep dansers betrokke. Ons is dankbaar dat ons nou gebruik kan maak van die saal waar meer spasie beskikbaar is.

Die groep het ook al by verkeie funksies opgetree, en hulle geniet nog steeds die lyndans elke Woensdag.

Kom kyk en dans gerus saam!!

Groete

Anette.

# NOODNOMMERS

| | |
|---|---|
| **Ambulansdiens Life 24** | **082 040 5003** |
| **Brandweer** | **014 736 8000** |
| **Polisiediens** | **014 736 9760/1** |
| **Stasiebevelvoerder** | **082 565 8512** |
| **Sigbare polisiëring** | **082 414 2704** |
| **Speurtakhoof** | **082 319 9336** |
| **HD Elektries (Dirk)** | **083 660 0319** |
| **Loodgieter (Eric)** | **083 281 7789** |
| **Smart Vision Solar (Willy)** | **078 364 1416** |
| **Suster Delia** | **082 494 2717** |
| **Landgoedbestuurder (Dawie)** | **071 734 3618** |
| **Hospitale** | |
| **Provinsiale hospitaal** | **014 736 7300** |

## Rooibok (*Aepyceros melampus*)

Die **rooibok** is 'n wildsbok wat in Afrika aangetref word. In Engels staan die bok bekend as die *Impala*.

Die bok se wetenskaplike naam, *Aepyceros melampus*, is 'n samestelling van die Griekse *aipos+ceros+melas+pous*, oftewel "hoog"+"horing"+"swart"+"poot".



*Rooibokooi met lam*

'n Volwasse rooibok weeg ongeveer 50 kg en het 'n gemiddelde hoogte van 90 cm. Soos die naam aandui, is die bok rooibruin van kleur, met ligkleurige flanke, terwyl die pens onderlangs wit is. 'n Donker, kenmerkende M-vorm word op die agterstewe aangetref Die ram het liervormige horings wat tot 90 cm lank kan word.



*Rooibokram*

Die rooibok is een van die volopste kleinboksoorte. 'n Rooibok kan met een sprong 10 m ver en 3 m hoog spring. Rooibokke kom in troppe voor, gewoonlik 'n dominante ram met verskeie ooie en jong diere.

Daar is gewoonlik twee of drie uitgegroeide ramme (let op hul horinglengtes) wat "wagstaan" aan die randjie van die trop. Indien die brandwag onraad vermoed, maak hy alarm deur 'n harde snorkgeluid te uiter en die res van die trop laat spaander na beskermde bos toe, terwyl hulle reuse spronge deur die lug maak om die roofdier te verwar.

Rooibokke word algemeen in Suider-Afrika aangetref en is gras- sowel as blaarvreters. Hulle val verskeie roofdiere ten prooi, soos leeus, luiperds, jagluiperds, wildehonde, gevlekte hiënas, ens.

Paring vind gewoonlik van April tot Mei plaas. Die ooi gee na 6 maande, gewoonlik in November of Desember, aan 'n enkele lammetjie geboorte. Die jong bokkie drink vir vier tot ses maande melk aan die ooi. Rooibokke het 'n aangetekende moontlike lewensduur van 12 jaar.

Die inligting relevant tot die bydraes oor soogdiere wat op Negester voorkom, kom van die volgende bronne:

- Stuart's Field Guide to the larger Mammals of Africa (Chris & Mathilde Stuart)
- The Mammals of the Southern African Subregion (Reay H.N. Smithers)
- Wikipedia

Arrie



EK EN MY

# STOKPERDJIES

**Koekoe Kotze**





Ek was ‘n 9-jarige langbeendogtertjie met sproete en twee rooi vlegsels toe my ma vir die eerste keer ’n bolletjie wit wol en ’n hekelpen in my hand gesit het. Van daardie oomblik af was ek vir die res van my lewe ge”hook” deur ’n hekelpen. Ek het vir ure langs my ma gesit en net gehekel … en gehekel. Dit was vir my te wonderlik om te weet ek maak iets op my eie wat vir my soveel vreugde gee. Ek het alles probeer, van tafellappies vir my tannies, slaapsokkies vir my ouma se koue voete en selfs ’n “beanie” vir oupa se kaalkop. Daar was baie bolletjies wol in ons huis. My ma het truie en allerhande kledingstukke vir ander mense gebrei – veral vir die Joodse tannies – met die gevolg dat daar altyd oorskietwolletjies vir my was om goetertjies mee te maak. Ek het ook van brei gehou, maar die hekelpen het my gunsteling geword. Soos wat ek groter geword het en my vaardigheid toegeneem het, het die hekelgoed ook al groter en meer uitdagend geword. Ek hou van uitdagings, en om altyd iets mooier en groter en moeiliker as die vorige een te maak.



Hoekom speel ’n stokperdjie so ’n belangrike rol in my lewe? My stokperdjie is vir my pret, interessant en uitdagend. Dit help my om die ledige ure vol te maak en gee my ’n doel en die wil om te leef. Daar is baie voordele aan ’n stokperdjie verbonde. Eerstens help dit met die verwerking van angs en stres omdat my kop die hele tyd besig bly met tel en patroontjies maak en dan is daar nie nog tyd vir tob en vreemde gedagtes nie. Tweedens is ek ook nooit verveeld nie. As die dag te lank raak, gryp ek die hekelpen en daar vlieg die ure om, en as ek weer sien, is die son in die weste en die dag is verby. Derdens het my hekelwerk my ook geduld geleer. Dit is nie iets wat sommer in ’n japtrap klaar gedoen is nie, dit vat tyd – soms baie tyd – en dan is geduld die wagwoord. Ek het ook geleer om meer geduldig te wees met die mense wat by my raad kom vra en self nog leer. Sodoende werk ons ook deur hulle angs en spanning, en soms selfs die swaar van die lewe. Ja, dit vra tyd, en inspanning om kalm en gefokus te bly. Vierdens verbreed enige stokperdjie ook jou kennis en doen wondere vir jou selfvertroue. Daar is niks so lekker as om jou eindproduk, wat ure en ure geneem het om te voltooi, teen jou lyf vas te druk en ’n dankie vir soveel genade na Bo te stuur nie.



Die slim mense, die navorsers, beweer dat mense wat dikwels besig is met een of ander vorm van stokperdjie, minder stres en depressie ervaar. Dit is omdat dit ’n gevoel van vryheid, vreugde, en selfs ’n bietjie pret gee. Sodoende word die impak van daaglikse eise verminder.

Ag, maar die grootste vreugde is die blink in ’n kind se ogies met die vashou van ’n nuwe teddie of langhaar pop. Die dankie van twee verrimpelde hande wat die nuwe serp teen die koue teen sy wang druk en o, die vreugde van die nuwe mamma as sy die wit wolkombersie teen haar boepmagie koester. Dan is daar ook die onthou van die kniekombersie vir die oumatjie in die ouetehuis. Dit is vreugde wat nooit ophou nie.

Vandag is ek baie ouer. Die sproete het plek gemaak vir plooie en die twee rooi boksterte is nou silwergrys, maar dit het niks aan my liefde vir my stokperdjie verander nie. Ek hekel nog steeds beertjies en poppies met toutjieshare en sommer nog allerhande goetertjie.

My stokperdjie bring ook altyd nuwe vriende na my deur toe. Dan kuier en hekel ons vir ure aanmekaar en maak saam pragtige nuwe herinneringe.

Ek bly in Mispelstraat 302. As jy lus het vir ’n koppie tee, kom loer gerus in. Dalk haal ons ’n bolletjie wol en ’n hekelpen uit.

Groete. Koekoe

# *Dalene gesels met:*

**ELLIS en LIDA VAN DER MERWE (357)**

**Waar het julle grootgeword en wat wou jy word toe jy klein was**?
Lida: Ek het in Amersfoort grootgeword en wou kleintyd graag 'n verpleegster word.
Ellis: Ek het in Vanderbijlpark grootgeword en wou graag 'n boer word.

**Waar het julle ontmoet?**
Ons was altwee in Hoërskool Transvalia waar ons ontmoet het, maar het eers later, na skool, begin uitgaan.



**Hoeveel kinders en kleinkinders het julle?**
3 Kinders – 2 seuns en 'n dogter
6 Kleinkinders – 5 seuns en 'n dogter

**Wat was julle beroepe voordat julle afgetree het?**
Ons was altwee by Yskor in Vanderbijlpark werksaam. Lida 38 jaar as IT Analis en ek 42 jaar as IT Tegnikus (Hardeware). Ons spot altyd en sê ons het 80 jaar saam by Yskor gewerk.

**Hoekom het julle Negester gekies om te kom bly**?
As gevolg van ons liefde vir die bos en veral die Bosveld, was Negester vir ons die ideale aftreeplek.

**Hoe het julle lewenstyl verander vandat julle hier bly**?
Ons lewe is nou baie rustiger en ons kan nou ons liefde vir die natuur hier uitleef.
Ons het ook meer mensgeoriënteerd geraak. Almal hier is vriendelik met mekaar, staan mekaar by en het tyd vir mekaar. Ons kuier nou graag.
Ons het ook geleer om meer geduldig te wees.

**Waarmee hou julle julself besig**?
Lida: Ek hou baie van sport en het in my jonger jare ook sport, en onder andere, gimnastiek gedoen. Nou draf ek, swem en speel af en toe tennis.
Ek lees ook graag.
Ellis: Ek is baie bemoeid met die omgewing hier op ons landgoed. Ek hou my besig met dit wat my hand vind om te doen, om te help om die omgewing hier op Negester te onderhou en mooi te maak. Ek is ook lid van die Omgewingsbewaringsgroep.
Verder doen ek allerhande nutswerkies, selfs vir van die ander inwoners.
Lees, en veral Deon Meyer se boeke, is ook vir my baie ontspannend.
Ek swem ook graag.

**As jy jouself in een woord kon opsom, wat sal dit wees?**
Ons is omgeemense – vir ander mense en die natuur.

**Noem een ding wat jou ontstel**:
Lida: Rommelstrooiing. As ek iewers stap, sal ek altyd rommel wat rondlê, optel.
Ellis: Oneerlikheid.

**Wat laat jou lag**?
Lida: My buurvrou, Linda!
Ellis: Dieremaniere

**Beste advies wat jy aan vandag se jonger mense kan gee**:
Lida: Hou altyd aan die Here se hand vas!
Ellis: Werk hard, dit word altyd beloon.

**Wat is julle motto waarvolgens julle lewe?**
Lida: Behandel ander soos jy graag behandel wil wees.
Ellis: Bewaar die natuur en die omgewing vir die nageslag.

**<u>GUNSTELINGE</u>:**

**Kos**:
Lida: Worsbroodjie
Ellis: Skaaptjops en pap


**Drankie:**
Lida: Koffie en rooiwyn
Ellis: Rooiwyn

**Vermaak/ontspanning**:
Lida: Kuier en TV kyk, veral speurverhale
Ellis: Sport kyk op TV.

**Musiek**:
Lida: Gospel
Ellis: Hard Rock!

**Boek**:
Lida: One Shot (Lee Child) en Discipleship on the Edge (Darrell Johnson)
Ellis: Witgat (Gert Erasmus)




**Sport**:
Lida: Gimnastiek
Ellis: Boks

**Kleu**r:
Lida: Blou
Ellis: Rooi

**Dier**:
Lida: Steenbokkie
Ellis: Koedoe

# VARS GEDRUK…

"Take Three"




Outeur: Karen Kingsbury

Andy voer 'n stryd: moet sy haar buite-egtelike baba laat aborteer? Wat gaan haar swangerskap aan haar pa se status doen?
Bailey en Cody se verhouding is vol ompaaie – gaan hul liefde oorwin?
Chase die filmmaker gee sy professie op en keer terug na sy gesin. Hoekom? Hulle het vergeet hoe hy lyk en hoe sy stem klink …
Tim, die selfvoldane. Die een wat hoog vlieg en neerkyk op ander.
Gaan Jeremiah Productions die Amerikaanse kultuur verander, kan Keith dit laat gebeur?

'n Boek om te lees en, soos die outeur tereg sê: "'n Verhaal waar die karakters die gebeure spontaan oorneem."

*Gusta!*


**Rocking Horse Kwekery**

Wide range of trees, shrubs and succulents

Pop in to see our range

**SCHOEMBIE GARDENS**

The lawns are all looking awesome after the toppings.

*Now let us help you sort the beds out.*

Labour is R 100 per hour (team of 3)

Gutter cleaning @ R100.00 per hour

Contact: 064 318 0168 /064 342 3376


❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀

**GESONDHEIDSORG**



## Wie kan ek kontak?

| | | |
|---|---|---|
| KLINIEK | 014-736-3364 | 014-736-2770 |
| Nood-nommer | | 072 312 3499 |
| Berading daagliks beskikbaar per afspraak (Annatjie Moore) | | 014-736-2580 |
| GROEPWERK (Annatjie Moore) | 014-736-2580 | |
| Inligting oor Kansa (Nellie Buitendag) | 014-736-2725 | |

| Maak asseblief afsprake | | |
|---|---|---|
| **Maandae – Vrydae** | 07:30 - 09:30 | Kliniek |
| **Maandae** | 07:30 - 09:30 | Voetsorg |
| **Dinsdae** | 07:30 - 09:30 | Haarsorg |
| **Dinsdae** | 07:30 - 09:30 | Oudioloog (Elke 2de Dinsdag) |
| **Vrydae** | Middag | Fisioterapeut |

# CANSA VALENTINE BOOGY
# 10 FEBRUARIE 2023

Cansa se Valentine Boogy was weer ŉ saamkuier tot laat. Dankie aan Leon Raath wat die broodjies geskenk het, dit was ŉ treffer. Aan Hannes Du Plessis vir die wyn wat uitgeloot was, baie dankie.

Die dames was vroeg aan die werk om alles voor te berei en ook dankie aan Erika en Des wat die vleise voorberei het, vir Tersia, Charmain, Lionel, Elsie, Ernst, Christelle, Wilna, Charlotte, Derek wat die musiek verskaf het en Johan, ons seremoniemeester.

Dawie en Stephan het gesorg dat die ligte aanbly en, soos gewoonlik, was die reëlings perfek.

Na ete was daar geboogy tot laat.

Weer eens dankie vir almal se bydrae en ‘n heerlike aand!







# Stywe lyne

Negester hengelgroep besoek Metsi-Metsi (10 km buitekant Nylstroom op die Vaalwaterpad) op 9 Februarie 2023.



Ses hengelaars neem deel aan die gesellige uitstappie: Hannes, Willie, André, Louis, Corrie, Neville.

Vangs van die dag: 1xKurper, 2xBabers, 1xSwartbaar en 1xKolgans (dié is met deernis en baie sagkens gehelp en vrygelaat.)

ŉ Nuwe tradisie is begin:

ŉ Pragtige trofee word oorhandig (elke maand van die jaar) aan die hengelaar met die swaarste vis aan die einde van die dag se vangs.



*André: swaarste vis. Januarie*

Januarie wenner: André Fritz
Februarie wenner: Neville Hoare
Maartmaand se uitstappie word reeds beplan. Hou die hengelgroep dop vir besonderhede.

As jy ook belangstel en nog nie deel is van die groep nie, kontak vir Cassie, die koördineerder: 079 515 5568.

Ons groet met hartseer ons hengelvriend Hiten wat onlangs oorlede is.

Those voices in my head are telling met to go fishing again ...
If I don’t go ... the voices won’t stop!

Cassie




*Neville: swaarste vis Februarie*




## Reënval Januarie



**Totaal: 42 mm** **Dae: 4**






# Valentyns-straatbraai





Ag hoe lekker om sommer net die lewe te vier! Raasblaarstraat se inwoners het op 14 Februarie heerlik gekuier. Met of sonder reën het ons besluit dat dit die regte tyd is vir 'n gesellige samekoms. Die braaivleisvure het geknetter en die dames het die smaaklikste bykosse, poeding en tert voorgesit. Die braaiers was natuurlik die manne. By rooi en wit gedekte tafels het ons aangesit en die middag-aand was te gou verby. Weer eens is besluit dat hierdie saam kuier meer moet gebeur, want spesiaal is dit beslis!



Inwoners Raasblaarstraat



# Voël Van die Maand

Europese Vlieëvanger
*Eng: Spotted Flycatcher*
*Muscicapa striata*

Hierdie klein grysbruin Vlieëvanger is, soos sy naam aandui, 'n somer besoeker uit Europa. Hulle kom wydverspreid oor die Europese kontinent voor, tot sover noord as Skandinawië en tot sover oos as Siberië. In die Noordelike halfrond se winter migreer hulle suid na Midde- en Suider-Afrika. In Suid Afrika is hulle wyd verspreid oor die hele gebied. Daar is kommer, want dit kom voor asof hulle getalle in Europa besig is om af te neem.

Hy het 'n ligte onderkant met 'n gestreepte kroon en bors; is tussen 13 en 14cm lank, en weeg 15-20 g.

Ondersoeke toon dat hulle jaarliks na dieselfde area terugkeer. Dit beteken dat die outjie wat jy hier op Negester sien, volgende somer weer hierheen sal kom.

Hulle arriveer om en by Oktober elke jaar, en vertrek weer in April om in Europa te gaan broei. Dít gaan die verstand te bowe dat 'n voëltjie, wat minder as 20 gram weeg, twee keer per jaar meer as 10 000 km vlieg (dus 20 000 km per jaar) om te gaan broei en van die koue Europese winters te ontsnap.



Foto: Roelof Jonker op Waterberg Bioquest

Hulle kom voor aan die rant van die beboste dele waar dit oop is, en hulle kan jag. Hulle sit op 'n hoë punt sodat hulle kan duik om insekte te vang. Daar is een wat gereeld te sien is by die tennisbane waar hy óf op die net sit, óf op die omheining, vanwaar hy dan jag. 'n Ander een word in die omgewing van die toegangshek gesien waar daar 'n paar droë takke is waar hy kan sit. Hy flits sy vlerkies wanneer hy gaan sit.

Bronne geraadpleeg:
Wikipedia
Sasol Voëls van Suider-Afrika 5de uitgawe
Sappi Birds of South Africa
Robert Birds of South Africa
LBJ's van Faansie Peacock

Jan van Biljon
Bosveld Voëlklub

# Ons sê: "Baie dankie!"

"Mag ons leer om dankbaar te wees vir wat ons het, voordat die tyd ons dwing om dankie te sê vir wat ons gehad het" (William Law)





Inligtingsessie en Gewone Algemene Vergadering: 28 Januarie 2023

Baie dankie aan ons admin dames!

Ons is trotse Negesterre met dames in ons kantore wat so raak kan vat. Julle reëlings is sonder "kinkels-in-die-kabels" en die koffie/teestasies is 'n bederf. Ons waardeer julle!

Doen so voort.

Ook 'n dankie aan Dawie en Stephan vir jul aandeel aan hierdie dag.

Jul rondhardloop agter die skerms vorm ook deel om van so 'n bedrywige dag 'n sukses te maak.

Nogmaals dankie namens die Negester inwoners.

Gusta








### ...Lag ... traan ...

Die redaksie van Sterrelig is bly vir en saam met die inwoners en personeel met wie dit voorspoedig gaan.
Ons harte gaan uit na die mense wat tans in nood verkeer.

* * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * *



## Spreuke van C.J. Langenhoven ...



**<u>Liefde en vriendskap:</u>**

"Ware vriendskap, nou, is nie te koop nie;

Want vriendskap vind nie bevrediging in neem nie, maar in gee."

**Enige bydraes vir Sterrelig kan ge-e-pos word aan:**
**sterrelig9ster@gmail.com**



# Uit Grootjie se kombuis…

**<u>Resep vir ware Vriendskap</u>**



- Room 10 kg geloof en 10 kg liefde saam.
- Sif nou 3 kg geloof en 3 kg barmhartigheid by.
- Meng deeglik.
- Klits 3 kg gehoorsaamheid, 3 kg respek, 5 kg vergifnis en 5 kg volharding by die res van die mengsel.
- Smelt al hierdie bestanddele saam tot kookpunt.
- Voeg nou 3 kg verdraagsaamheid, 4 kg sagmoedigheid, 6 kg hulpvaardigheid, 10 kg getrouheid en 4 kg nederigheid by die gesmelte bestanddele.
- Roer aanhoudend sodat mengsel nie vasbrand nie.
- Voeg stadig 7 kg wysheid en 7 kg verstandigheid by die mengsel, en roer goed deur.
- Giet in oondvaste bak wat gesmeer is met belydenis.
- Strooi geluk daaroor en bak deur middel van gebed.

Geniet hierdie vriendskap broodjie!

**~Gusta~**

# Boombrokkies






Op Negester groei twee boomsoorte met opvallende blou-grys blare: die vaalboom (*Terminalia sericea)* en die bloughwarrie *(Euclea crispa).*

In die lente is ons seker almal bewus van die vaalboomblommetjies wat soos ou skoene ruik en dan sien mens mos amper nie raak watter mooi bome dit is nie. Hulle kom net in die noorde van die land voor en verkies diep sandgrond, vandaar sy ander volksnaam, sandvaalbos. Nog 'n volksnaam is sand- (ook Bosveld)-geelhout omdat die hout dieselfde kleur as geelhout *(Podocarpus spp.)* het. Dit is swaar en hard en verdonker na 'n tyd tot 'n diepgeel kleur. Mooi meubels kan van die hout gemaak word en dis termiet- en houtboorderbestand. Vaalbome speel ook 'n belangrike rol in tradisionele medisyne, waar die blare as antibiotika vir oop wonde en 'n infusie van wortels en blare vir hoes, maagpyn en diarree gebruik word.

Die deur op die foto is van 'n vaalboom gemaak, wat plek moes maak vir 'n Negesterhuis.




Die bloughwarrie is 'n klein boompie met blougroen, stywe papieragtige blare wat op klipperige plekke groei. Die bas en vrugte word medisinaal gebruik en die wortels produseer 'n kleurstof waarmee geweefde mandjies gekleur word. Die punte van sy takkies word gekou en dan deur die inheemse volke as tandeborsels gebruik. Die blare is boonop brandbestand en baie vure is al met sy takke geblus.

Hierdie ghwarrie is droogte- en koue bestand en is uiters geskik vir klein tuintjies.

Leonora




ONS WINKEL BELA BELA
2023
HIER IS MY HAND
GEE VANDAG JOUNE!
Baie dankie
vir jou skenking aan Ons Winkel en vir die verskil wat jy in ons gemeenskap maak! Vriendelike groete!
SKENKING
ONS WINKEL
VERKOPE
STUDIEGELEENTHEDE
WERKSKEPPING
MAATSKAPLIKE HULP
SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
ONS WINKEL
Besoek gerus Ons Winkel Bela-Bela by Luna Straat 6
Kontak Heléne by 082 891 9098 vir meer inligting.



Deel ook jóú "memories" met die inwoners.



"Memories" vasgevang in 'n foto vir eendag se onthou . . .

# Deur my Ne9ester kameralens


# KOM NEEM DEEL

## Blokraaisel

**DWARS**
1 Voorkeurstrategie?
3 Dopamien en Serotonien?
6 ?
8 Die sal aansienlik verander word?
12 Die boom van waardering?
13 Ons oefen elke Dinsdag en Vrydag 08:00 in die saal?
14 ?

**AF**
2 082 319 9336?
4  ?
5 Dinsdag 15:00 – 17:00?
7 ?
9 As jy moeg word ...?
10 Jan en Trudie de Beer?
11 26-Nov-2022?
12 Finansiële komitee se voorsitter?

Neem 'n foto van die voltooide blokraai en Whatsapp na 0824604570. Onthou om jou naam en huisnommer by te voeg.




******************************************************



# Slangstories



### Negester se eie slangvanger - Dawie

Dit is so gerusstellend om te weet dat jy net 'n oproep ver is. Soms het ek al gewonder of jy ons nie hoor skree nie? "Sss-l-aaa-ng!" ... en Dawie is daar met sy toerusting: allerhande goeters.

Dan kan inwoners maar net "groot-oog" staan en asem-ophou. Met kundigheid vervul jy jou stokperdjie, selfopgelegde taak en passie: om meneer of mevrou slang veilig te vang, te berg en te hervestig.

Ek wonder hoeveel plekke moes jy al skuif of uitpak om by die ongewenste kuiergas uit te kom? Dalk moet jy van jou staaltjies vir Sterrelig stuur om te publiseer?

-Gusta-

# Taalgoeters

## WILDE WOORDEBOEK



Boekhouer - gee nie geleende boeke terug nie
Kantoor 'n gekwalifiseerde towenaar
Leegloper - 'n dam wat lek
Natuur dit reën 60 minute
Netwerk - geen rus nie
Ofskoon - of vuil
Soeklig wanneer iemand in die donker is
Vlieënier - 'n vlieg se nier
Wasgoed - nou sleg
Torring 'n ring deur 'n tor gedra
Papier 'n slap inwoner van Ierland
Bokooi nie onder die bed nie

Dalene



## SPORT/ONTSPANNING

| Tyd | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
|---|---|---|---|---|---|
| 06:00 – 06:45 | | | | Manne biduur | |
| 07:00 – 9:00 | Jukskei | Jukskei | Jukskei | Jukskei | Jukskei |
| 7:30 – 8:30 | Water aërobies | | | Water aërobies | |
| 08:00 – 9:00 | | Pilates | | | Pilates |
| 10:00 – 11:00 | | | Lyndans | | |
| 14:00 – 16:00 | | Handwerk | | | |
| 15:00 – 17:00 | | Tafeltennis | | Tafeltennis | |

**Sameroepers: Laat weet asb. vir Sterrelig indien tye van aktiwiteite verander.**



*Negester Tafeltennis Champs*



# SLOOTGRAWERS



Soms word ons deur omstandighede of gevoelens van hooploosheid gekonfronteer … asof ons verlore in ŉ 'woestynsituasie' vasgevang is waaruit ons nie kan ontsnap nie. Dit is normaalweg dán wanneer ons naarstigtelik na God roep om in te gryp en te voorsien sodat ons onder die aanslae van sóveel kante af net staande kan bly en kan oorleef.

In 2 Konings 3 lees ons hoedat die konings van Israel, Juda en Edom – sonder dat enige van hulle die Here enigsins vooraf daaroor raadpleeg – besluit om saam teen die Moabiete op te trek. Koning Jósafat, koning van Juda, beveel dan aan dat hulle deur die woestyn van Edom optrek … ŉ gevaarlike, bergagtige en moeilik begaanbare roete. Nadat hulle sewe dae op pad was, raak die realiteit van die uitdagende situasie oorweldigend en oorval die nood hulle wanneer daar geen water vir hulle manskappe en diere meer oor is nie.

Koning Joram van Israel is oortuig dat God hulle ontbied het om hulle in die mag van Moab oor te gee, en ek wonder nogals … het koning Jósafat nie dalk toe beséf dat hy betrokke geraak het in vennootskap met ŉ koning wat gedoen het *wat verkeerd was in die oë van die HERE* nie? (v2) Hoe dit ookal sy, dis asof sy geheue skielik begin funksioneer en hy vra: *Is hier nie ŉ profeet van die HERE, dat ons deur hom die HERE kan raadpleeg nie* (v11)?

Een van koning Joram se dienaars reageer: *Elisa, seun van Safat … is hier*. Josafat sê toe: *By hom is die woord van die Here! …* en hulle besluit om Elisa op te soek om by die Here te hoor hoe nou verder. Het hulle dit maar eerder gedoen vóórdat hulle bloot op eie wysheid en insig staat gemaak het, maar liewer laat as nooit. Sommer terloops ... dis vir my nogals insiggewend, gegewe die omstandighede waarin hulle hulleself bevind, dat Elisa se naam beteken … *God is redding*!

En dan – in die middel van die woestyn en terwyl harpmusiek (was dit dalk lof- en aanbiddingsmusiek?) sy onstuimige gemoed kalmeer (v15) – word Elisa die mondstuk van 'n verbysterende opdrag van ŉ liefdevolle en voorsienende God: *Maak hierdie dal vol gate. Want so spreek die HERE: Julle sal geen wind sien nie, en julle sal geen reën sien nie, en tog sal hierdie dal vol water word, sodat julle self en julle vee en julle ander diere kan drink* (v16 & 17) … en daarmee saam word hulle terselfdertyd sommer ook van oorwinning oor die Moabiete verseker (v18).

Ek kan nie help om te wonder wat deur hierdie klomp se gedagtes moes gaan nie? Kan daar dan ŉ meer 'sinnelose' oefening wees as om moeë en dors manne te inspireer om – onder die skroeiende son en in die barre woestyn van alle plekke – gate te loop grawe om deur sekerlik die mees onwaarskynlikste water gevul te word? Ek moet bely … dít herinner my skielik onwillekeurig aan die basiese fase van my weermag dienspligdae. Maar, ten spyte van die omstandighede én die onwaarskynlikhede, is dit presies wat hulle doen en dan – juis óp die tyd wat die oggend-offers gebring en God geloof en geprys word – vervul God Sy belofte (v20) en Hy voorsien bó hulle verwagting … WOW!

Alhoewel die grawe van gate en slote vir séker geloof en gehoorsaamheid geverg het, was die slote egter nie die uiteindelike seën nie, maar bloot die kritiese vóórvereiste vir God se bonatuurlike seën wat op hulle geloofsdaad sou volg … en God ontmoet die maat van hulle geloof en gehoorsaamheid deur élke gat en sloot wat hulle gegrawe het met water vol te maak!

Worstel jý dalk tans met 'n 'woestyn ervaring'? Is God dalk besig om jóú binneste te 'roer'? Smag jóú gees na herlewing en herstel? Bid jý vir vernuwing en geregtigheid om te seëvier … vir totale oorgawe om in volle afhanklikheid op Hóm te vertrou en in Hóm te rus?

Kom ons wees 'slootgrawers' en hou aan om ons Hemelse Vader in geloof te blý vertrou vir Sý seën, heling en herstel deur – ongeag 'menslike opinies' en omstandighede tot die teendeel – te blý volhard in gebed en intieme verhouding met Hom … onsself met Sý Woord te blý volmaak. Kom ons bid onophoudelik vir ons land en ál sy mense – en spesifiek ook vir Negester se inwoners, personeel en bestuur!

*Verlossende Here Jesus … ek wil ŉ slootgrawer vir U wees … iemand wat in woord, daad en voorbeeld U Koninkryk in liefde verteenwoordig en uitleef, sodat hulle met wie ek in aanraking kom, deur my Gees-geïnspireerde entoesiasme aangesteek en gemotiveer sal word! In geloof, hoop en liefde wil ek slote blý grawe om met U strome van Lewende Water volgemaak te word Vader, en daarom roep ek ook soos Jesaja uit … hier is ek, gebruik my Here!*

*AMEN*

Groetnis, *Pierre Jordaan*

# Peste en plae

### Lelieboorders



ʼn Lelike probleem het nou ook hier op Negester sy kop begin uitsteek. Die lelieboorder, *Brithys crini*, val enige bolplante, soos amaryllis, crinum, swaardlelies, nerine en natuurlik boslelies of clivias aan. Eiers word in pakkies, meestal aan die onderkant van blare gelê. Hulle kom in groepe van ± 20 voor, is pêrel blinkwit en het riwwe wat van bo na onder loop. Kort nadat die jong larfies uitgebroei het, begin hulle tonnel in die blare. Die jong larwes het donker koppe en ligte, amper deursigtige, liggame. Die meeste skade word deur die groot helderkleurig gebande swart en oranje ruspes gedoen. Hulle voed in die blare, maar kan ook af beweeg na die bol, wat vernietigend is. Die ruspes is gewoonlik ʼn probleem van September tot April.



Die motte is naglewend met ʼn onopvallende grys voorvlerk en ligte roomkleurige of wit agtervlerk, en so 4 cm van vlerkpunt tot vlerkpunt.



Die eierpakkies kan doodgedruk word, larwes kan deurgeknip word of met enige wurmmiddels beheer word. Onthou om asb. chemiese beheer verantwoordelik te doen en as laaste opsie te oorweeg.

Des







# KHOISAN



Jy word genoem die Khoi-Khoi, die Khoisan, Khwe, soms net die San. Ons ken nie al die name nie, weet net jy is van die Boesmanstam. Kort van postuur, jou vel se kleur soos die Kalahari duin se sand. Die boog en pyl of strik sorg vir kleiner dier of voël se vleis.

Bessies van die veld is kos, net genoeg geneem om nou te eet.

By jou takskerm is geen kraan om helder water van te tap nie. Die Tsamma, in jou vuis gepers, loop van die duim se punt tot in jou mond ʼn straaltjie bitter sap. ʼn Eland wat miskien jou jagveld kruis, gee in oorvloed vir vandag en die dag wat volg. Tot laatnag om die vuur ʼn riel gedans met ritmiese handeklap, eentonig sang en tokkel op die gaura met net een snaar. ʼn Jagverhaal en fabel oorvertel met klik-klak van die tong en handgebaar. Teen ʼn klip se wand, met verf gemeng van houtskool, kaolien, verweerde hematiet en vet, ʼn aktiwiteit en diere uitgebeeld. Sewentiende eeu in die Kaapkolonie bykans uitgewis, tot slawerny gedwing of weggevoer. Bestem om gejag te word, gevang en soos ʼn wilde dier te tem. Jou kultuur en lewenswyse in elke museum vandag nog uitgestal. Die groot onreg van daardie eeu in vele boeke neergepen.

Hede is jul tot nedersettings ingeperk, die inwoners slegs 'n paar honderd in getal.

Eenvoud beskryf jou aardsbestaan, nog soveel wat ons van jou nie ken. Wat ons wel by jou kan leer … om ons aarde te bewaar.

*Cobus Oosthuizen*

# Ne9ester Klein-Kariba Komitees

**SORGDIENSTE**
Direkteur: Volle direksie
Sameroeper: Annatjie Moore

**FINANSIES**
Direkteur: Johan van Heerden
Sameroeper: Chris Schoeman

**OMGEWING**
Direkteur: Johan van Heerden
Sameroeper: André Greyling

**NOOD & SEKURITEIT**
Direkteur: Chris Heyman
Sameroeper: Ben Meyer

**ESTETIES**
Direkteur: Johann Marx
Sameroeper: Dawie van Niekerk

**INSTANDHOUDING**
Direkteur: Johann Marx
Sameroeper: Dawie van Niekerk

# Ne9ester Klein-Kariba Belangegroepe

**ONDERSTEUNING: LIEF EN LEED**
Sameroeper: Vakant
KANSA: Nellie Buitendag
Geestelike ondersteuning: Herklaas Viljoen

**MANNE BYBELSTUDIE**
Sameroeper: Johan Nel

**SOSIAAL**
Sameroeper: Derek Grobler
Lyndans: Annette Swart
Biblioteek: Mary-Ann Venter
Handwerk: Rita Coetzee
Markdag: Annatjie Ras
Kampeer (Skopsuile): Dawid Appel
Wyngilde: Alida Meyer

**SPORT**
Direkteur: Johan van Heerden
Sameroeper: Vakant
Fietsry: Stephanie de Haas
Tennis: Wilna van Zyl
Rolbal: Leon Raath
Gholf: Coenie Louw
Jukskei: Hannes du Plessis
Putt-Putt: Chris Rademan
Tafeltennis: Piet van Zyl
Pilates: Trish Fitzpatrick
Biokinetika: Hannie Schoeman
Visvang: Cassie Walkers
Water aerobics: Charlotte Burger
Lyndans: Anette Swart

**KOMMUNIKASIE**
**STERRELIG:**
Redakteur: Pierre Jordaan
Bemarking & Finansies: Nellie Buitendag
Webblad: Angus Hughes




BELANGSTELLENDES WORD UITGENOOI OM DEEL TE WORD VAN DIE ONDERSKEIE GROEPERINGS WAAR DAAR VAKATURES IS. KONTAK ASB DIE BETROKKE DIREKTEUR OF SAMEROEPER.